

JSE-'regstelling': Dis nié Swart Oktober nie

Oorsese faktore dryf daling

<http://www.netwerk24.com/sake/2014-10-15-jse-regstelling-dis-ni-swart-oktober-nie>

Deur Francois Williams Woensdag 15 Oktober 2014 12:20 vm.



Wat moet beleggers doen?

Beleggers moet met die oog op die lang termyn belê. Die vooruitsigte vir toekomstige verdienstes lyk nou beter as voor die markdaling.

Vergeleke met die klein opbrengs op kontant, lyk die aandelemark se dividendopbrengs van 3% aantreklik en dit vergelyk goed met die gemiddeld 2,7% van die afgelope 20 jaar, sê Francois van der Merwe, hoof van makronavorsing van Novare Investments.

Moenie paniekbevange raak nie, sê Avien Pillay, navorsingshoof van Old Mutual Wealth Private Client Securities. Markregstellings is normaal.

Mense na aan aftrede moet 'n gepaste batetoewysing hê en dus nie al hul geld in aandele hê nie. Moenie jou geld op een slag aan die mark onttrek nie.

Met die waarde van die JSE nou 9,25% laer as sy rekordhoogtepunt in Julie, sit mense wat nou moet aftree met die penarie dat hul belegging net soveel werd is as wat dit in Maart was.

Die voordeel van die beurs se sterk lopiese die afgelope maande tot die rekordvlak van 52 242 indekspunte in Julie is dus uitgewis deur die val in aandeelpryse wat middel September begin het, maar veral die afgelope twee weke momentum gekry het.

Wayne McCurrie, portefeujebestuurder van Momentum Wealth, het vroeër getwiet dat die beurs nog tussen 5% en 8% van sy waarde kan verloor, maar hy verwag nie 'n markineenstorting nie.

Francois van der Merwe, hoof van makro-navorsing van Novare Investments, is effe meer positief en verwag nie verdere skerp dalings nie. Hy meen die plaaslike aandelemark word nog ondersteun deur skaflike verdienstegroei.

Van der Merwe meen die daling van bykans 10% is 'n gesonde regstelling in die bulmark en het van die "skuim" in die hoë aandelewaardasies opgeruim. Markwaarnemers waarsku al lank dat die JSE oorgewaardeer is en dat herstel nodig is. Hulle beskou die huidige insinking dus nie as 'n markineenstorting nie.

Van der Merwe beklemtoon die daling is hoofsaaklik in reaksie op dalings in internasionale markte die afgelope anderhalf maand.

"Die plaaslike aandelemark is die afgelope paar jaar grootliks ontkoppel van plaaslike ekonomiese faktore namate die prestasie van die grootste aandele op die beurs deur die verswakking van die rand aangedryf is. Hierdie maatskappye se bedrywighele en dienste is meestal buite Suid-Afrika."

Die groot maatskappye waarvan die aandeelpryse die afgelope jaar of wat tot rekordvlakke opgejaag het, is groepe soos Naspers, SABMiller, Richemont en British American Tobacco, wat almal hul winste grotendeels in die buiteland verdien.

Volgens Van der Merwe is die mark nie eens deur die swak binnelandse groeiverwagtinge beïnvloed nie, want dit was al bekend lank voor die huidige insinking en ook lank voordat die Internasionale Monetêre Fonds sy ekonomiese vooruitsigte verlede week bekend gemaak het.

Die internasionale daling in aandeelpryse is meer aangedryf deur 'n hele aantal faktore, wat die IMF se swakker vooruitsig vir groei in Europa, Japan en die opkomende markte insluit.

Voeg daarby swak syfers uit Europa en China en die onsekerheid oor die groot sentrale banke se monetêre beleid.

Is dit Swart Oktober? Avien Pillay, navorsingshoof van Old Mutual Wealth Private Client Securities, sê dis maar toevallig dat 'n aantal markregstellings die afgelope 100 jaar elke keer in Oktober plaasgevind het. Dit het 'n selfvervullende profesie geword.